

NAL'IBALI

Hoe om jou kind aan die skryf te kry

Het jy al opgelet dat dit lyk asof jong kinders sonder veel moeite leer? Dink oor wat sesjarige van taal weet en hoe hulle dit kan gebruik selfs voor hulle skool toe gaan!



How to get your child writing

Have you noticed how young children seem to learn without very much effort? Think about what six-year-olds know and can do with *language* before they even get to school!

Hoe leer kinders skryf?

Om te leer skryf is baie soos om te leer praat! Wanneer kinders gedrukte teks in hul omgewing sien en kyk hoe ander in die loop van hul daaglikse lewe skryf, raak hulle nuuskierig oor skryf. Hulle sien dat ons skryf om met ander te kommunikeer en dat ons dit vir interaksie gebruik, en wanneer hulle dan iets wil kommunikeer, probeer hulle ook skryf! Hul eerste probeerslae is dalk net krabbels, maar dit is die eerste treetjies wat hulle gee in die proses om te kommunikeer deur te skryf. Net soos wanneer hulle leer praat, leer kinders beter skryf wanneer ons hulle aanmoedig, saam met hulle en vir hulle skryf, en lees wat hulle geskryf het.



How do children learn to write?

Learning to write is not very different from learning to talk! When children see print around them and watch others using writing in their daily lives, they become curious about writing. They see us using writing to communicate and interact with each other and then, when they have something they want to communicate, they give writing a try! Their first squiggles may just be "pretend writing", but these are the first steps in using writing to communicate. Just like with learning to talk, children get better at writing when we encourage them, write with and to them, and read what they write.

Hoe om jou kinders te help om te leer skryf

- ♥ **Wys vir hulle dat wat ons sê, neergeskryf en dan gelees kan word.** Wanneer hulle byvoorbeeld 'n prent geteken het, vra hulle of hulle wil hê jy moet hulle help om iets daarvoor te skryf. Skryf die woorde wat hulle vir jou sê, onder die prent neer en lees dan die woorde vir hulle.
- ♥ **Wys vir hulle die verskillende redes hoekom jy skryf.** Laat jou kinders jou sien skryf – maak 'n inkopielys, skryf 'n brief of e-pos of hou 'n dagboek waarin jy jou gedagtes, idees en gevoelens neerskryf.
- ♥ **Wys vir hulle dat ons skryf om te kommunikeer.** Skryf 'n kort briefie vir jou kinders om vir hulle te sê hoe lief jy vir hulle is en sit die briefie dan op 'n plek waar hulle dit sal vind – in hul gunstelingboek of op hul kussing.
- ♥ **Wys vir hulle dat jy waarde heg aan wat hulle skryf.** As jou kinders iets vir jou skryf, skryf terug. Stal ook hul tekeninge en skryfwerk by die huis uit.



Lees wat jou kinders skryf en lewer eerder kommentaar op **wat** hulle geskryf het as oor **hoe** hulle dit geskryf het. Om met 'n pragtige handskrif van links na regs te skryf en alles reg te spel, neem tyd en ontwikkel wanneer kinders gereeld saam met jou en ander mense lees en skryf.

Read what your children write and comment on **what** they have written about rather than on **how** they have written it. Writing from left to right with beautiful handwriting and correct spelling all come with time as children read and write regularly with you and others.



How to help develop your children's writing

- ♥ **Show them that what we say can be written down and then read.** For example, when they have drawn a picture, ask them if they would like you to help them write something about it. Write down the words they tell you under their picture and then read the words back to them.
- ♥ **Show them the different ways you use writing.** Let your children see you writing – make a shopping list, write a letter or an email, keep a journal in which you record your thoughts, ideas and feelings.
- ♥ **Show them that we write to communicate.** Write a short note to your child telling them how much you love them and then put the note in a place where they will find it – in their favourite book or on their pillow.
- ♥ **Show them that you value what they write.** If your child writes something to you, write back to them. Also, display their drawings and writing at home.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies! Literacy Seeds!



Maak maats!

Beste ouers en versorgers van jong kinders, om jou kinders te help om maats te maak, vereis dat jy geleenthede daarvoor skep, 'n voorbeeld stel van sosiale vaardighede en leiding gee. Hier volg 'n paar maniere waarop jy jou kinders kan help om vriendskappe te bou:



Making friends!

Dear parents and caregivers of young children, helping your young ones make friends is all about creating opportunities, modelling social skills and providing guidance. Here are some ways in which you can support your children in developing friendships:

1. Reël geleenthede waar jou kinders met ander kinders van hul ouderdom kan speel. Begin met kort, goed voorbereide aktiwiteite en maak die speelsessies geleidelik langer. Neem hulle op uitstappies na parke, biblioteke of gemeenskapsentrums, waar hulle met ander kinders in aanraking kan kom.
2. Wys vir hulle hoe om hulself voor te stel: "Hallo, my naam is _____. Wil jy speel?" Leer hulle basiese vaardighede, soos om te deel, beurt te maak en vriendelike woorde te gebruik.
3. Moedig groepspeletjies aan wat hulle van spanwerk leer.
4. Sommige kinders neem langer as ander – moenie druk op hulle plaas om met ander te speel as hulle nie gereed voel daarvoor nie. As jou kind huiwerig lyk, moedig hulle sagkens aan, maar laat hulle teen hul eie pas met ander begin speel.
5. Leer hulle hoe om konflik te vermy. Sê byvoorbeeld eerder wat hulle wil hê as om speelgoed te gryp of te skree. Gee hulle leiding oor hoe om meningsverskille te hanteer: "As hulle nie wil speel nie, kan jy iemand anders vra om te speel of iets anders gaan doen."
6. Prys hul pogings om maats te maak, selfs al is hulle skaam of al werk dit nie goed uit nie. Byvoorbeeld: "Ek het gesien jy deel jou speelgoed met Zola. Dit was regtig gaaf van jou!"
7. Sommige kinders kan langer neem om maats te maak of die regte maat te vind. Monitor hoe hulle met ander omgaan en gryp in wanneer dit nodig is, maar gee hulle ook kans om onafhanklik te raak in sosiale omgewings.



1. Arrange playdates with other children of a similar age. Start with short, well-prepared activities and gradually make the play sessions longer. Take them to parks, libraries or community centres where they can meet other children.
2. Show them how to introduce themselves: "Hi, my name is _____. Do you want to play?" Teach basic skills like sharing, taking turns and using kind words.
3. Encourage communal games that help them learn teamwork.
4. Some kids warm up slowly—don't pressure them to interact before they feel ready. If your child seems hesitant, encourage them gently but let them approach others at their own pace.
5. Teach them ways to avoid conflict. For example, by using words instead of grabbing toys or yelling. Guide them in how to handle disagreements: "If they don't want to play, you can ask someone else or do something different."
6. Praise their efforts to make friends, even if they're shy or it doesn't go well. For example: "I saw you share your toy with Zola. That was really nice!"
7. Some children may take longer to open up or find the right match. Monitor how they interact with others and step in when necessary, but also allow them to be independent in social settings.



Drive your
imagination



'n Paar speletjies om vriendskappe te bou

Speletjies wat samewerking en insluiting aanwakker

- Gee die bal aan** (Ouderdomme 2-4)
Sit in 'n kring en gee 'n bal aan terwyl julle 'n liedjie sing of elke kind se naam uitroep.
- Stoelspeletjie (musical chairs)** (Ouderdomme 3-6)
In plaas daarvan om spelers uit te skakel, neem van die stoele weg en moedig die kinders aan om stoele te deel.



Some great games to build friendships

Games that encourage cooperation and inclusion

- Pass the Ball** (Ages 2-4)
Sit in a circle and pass a ball while singing a song or saying each child's name.
- Musical Chairs** (Ages 3-6)
Instead of eliminating players, remove chairs and encourage kids to share seats.



Speletjies wat kreatiwiteit, kommunikasie en selfvertroue aanwakker

- Kammaspeel** (winkel, dokter, kombuis, ens.) (Ouderdomme 2-6)
Kinders speel rolle (kassier, klant, dokter, pasiënt) en voer alledaagse situasies op.
- Dierekaskenades** (Ouderdomme 3-6)
Kinders maak beurte om 'n dier na te boots terwyl die ander kinders raai watter dier hulle is.



Games that encourage creativity, communication and confidence

- Pretend Play** (Store, Doctor, Kitchen, etc.) (Ages 2-6)
Kids take on roles (cashier, customer, doctor, patient) and act out everyday situations.
- Animal Charades** (Ages 3-6)
Kids take turns acting like animals while others guess what they are.



Speletjies wat samewerking, geduld en spanwerk aanwakker

- Bou saam** (blokkies, sand, blikkies) (Ouderdomme 2-6)
Kinders werk saam om 'n toring, 'n huis of enigiets anders waaraan hulle kan dink, te bou.
- Skattejag** (Ouderdomme 3-6)
Steek voorwerpe in die kamer weg en die kinders moet dan saamwerk om dit te vind.

Games that encourage cooperation, patience and teamwork

- Building Together** (blocks, sand, cans) (Ages 2-6)
Kids work together to build a tower, a house or anything else they imagine.
- Treasure Hunt** (Ages 3-6)
Hide objects around the room and have kids work together to find them.

Speletjies vir fisieke spel en sosiale interaksie

- Volg die leier** (Ouderdomme 2-5)
Een kind lei die groep en die ander volg deur die aksies na te boots (spring, klap, draai).
- Eend, Eend, Gans** (Ouderdomme 3-6)
Die kinders sit in 'n kring en een kind stap om die kring, raak aan elke kind se kop en sê elke keer "eend" totdat hy of sy aan iemand se kop raak en "gans" sê. Dan moet die "gans" opspring en hulle jaag.

Games for physical play and social interaction

- Follow the Leader** (Ages 2-5)
One child leads the group in actions (jumping, clapping, spinning), and others copy.
- Duck, Duck, Goose** (Ages 3-6)
Kids sit in a circle, and one child walks around, tapping heads and saying "duck", until they pick a "goose" to chase them.



Speletjies wat goedhartigheid en sosiale vaardighede aanwakker

- Komplimentekring** (Ouderdomme 4-6)
Elke kind kry 'n beurt om vir 'n ander kind 'n kompliment te gee.
- Helpende hande** (Ouderdomme 3-6)
Gee vir kinders take om saam te doen (bv., werk as 'n span saam om speelgoed op te ruim, blokkies netjies op mekaar te pak).



Games that encourage kindness and social connection

- Compliment Circle** (Ages 4-6)
Each child takes a turn to give a compliment to another child.
- Helping Hands** (Ages 3-6)
Give kids tasks to do together (e.g., clean up toys as a team, stack blocks neatly).

Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

- 1. Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
- 2. Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
- 3. Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
- 4. Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
- 5. Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

- 1. Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
- 2. Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
- 3. Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
- 4. Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
- 5. Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Drive your imagination

Beste Na'ibali

My kind sien baie sleg, en hy dra 'n baie dik bril. Hy voel skaam oor sy bril. Ek is op soek na stories oor 'n held wat 'n dik bril dra.

Elsa Meintjies, Beaufort-Wes

Beste Elsa

Die beste manier om stories met spesifieke karakters te vind, is om na 'n biblioteek naby jou te gaan en die bibliotekaris te vra om jou te help. Jy kan ook self vir jou kind 'n storie oor 'n held met 'n bril opmaak en vertel. Begin so: "Eenkeer was daar 'n baie dapper seuntjie. Hy het 'n spesiale bril gedra..." Die meeste jong kinders hou daarvan om eenvoudige stories oor hulself te hoor. Jy kan selfs hierdie stories neerskryf sodat julle dit weer op 'n ander dag kan lees.

Ons hoop jy hou aan om stories met jou kinders te deel en dat julle dit geniet.

Die Na'ibali-span

Dear Na'ibali

My child has very poor eyesight and needs to wear thick glasses. He feels shy about his glasses. I am looking for stories of a hero who wears thick glasses.

Elsa Meintjies, Beaufort-West

Dear Elsa

The best way to find stories with particular characters is to visit a library near you and ask the librarian for help. You can also tell your child your own stories about a hero with glasses. Start like this, "Once upon a time, there lived a very brave boy who wore special glasses..." Most young children love hearing simple stories about themselves. You could even write down these stories so that you can read them together again on another day.

Hope you continue to enjoy sharing stories with your children.

The Na'ibali Team

Beste Na'ibali

Ons het 2025 se storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees by my skool geniet. Ek het dit ook saam met my eie kinders gelees. Ons het selfs van die aktiwiteite gedoen.

Mev. V. Dlamini, Welkom

Beste mev. Dlamini

Ons is so bly julle het dit geniet! Ons hoop julle het dit geniet om die aktiwiteite saam te doen.

Die Na'ibali-span

Dear Na'ibali

We enjoyed the WRAD 2025 story at my school. I also read it with my own children. We even did some of the activities.

Mrs V. Dlamini, Welkom

Dear Mrs Dlamini

We're so glad you enjoyed it! We hope you had fun doing the activities together.

The Na'ibali Team

Dear Na'ibali

I have been trying to read to my six-year-old daughter every night, but I've never really tried to tell her stories. Recently, I took her to a Story Time event at our local library. The librarian told the children a story and did it very well. She included the children and acted out the story at the same time. Can you please give me a few tips on how to tell stories well?

Magmoed Suleman, Malmesbury

Dear Magmoed

It's always easiest to start with what you know when you first start telling stories. So, start with stories that you know well. Add interesting and expressive words to your story and use different voices for different characters – for example, a soft, squeaky voice for a mouse and a big, booming voice for a giant. Once you get the hang of telling familiar stories, try finding new stories in books or on the Internet. But mostly, just have fun. The more you enjoy telling your daughter stories, the more she will enjoy listening to them. Hope you have many hours of storytelling fun!

The Na'ibali Team


Bou jou eie biblioteek. Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Mkhize se plaas

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Die yslike groot vis

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Grow your own library. Create TWO cut-out-and-keep books

Mkhize's farm

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

The great big fish

1. To make this book, use pages 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Drive your
imagination



“I caught the biggest sheep that you’ve ever seen, Dolly. Look!” said Joe.
Dolly looked inside the bag.
“That’s a great big goat! You’re a great big liar, Joe!” said Dolly.
“Ek het die grootste skaap wat jy nog ooit gesien het, gevang, Dolly. Kyk!” sê Joe.
Dolly kyk in die sak.
“Dis ’n yslike groot bok! Jy is ’n yslike groot leuenaar, Joe!” sê Dolly



Joe catches a great big fish for supper. It is the biggest fish he’s ever seen! He heaves it into a bag and runs home to give it to his mother. But on the way, VERY strange things happen inside the bag. Will he still have a fish for supper when he gets home?



Joe vang ’n yslike groot vis vir aandete. Dis die grootste vis wat hy nog ooit gesien het! Hy prop die vis in ’n sak en hardloop huis toe om dit sy ma te gee. Maar op pad gebeur BAIE vreemde dinge in die sak. Sal hy nog altyd ’n vis vir aandete hê wanneer hy by die huis kom?



Get story active!

- ★ The story has lots of repetition in it, for example: “I caught the biggest fish/sheep/goat that you’ve ever seen” and “That’s a great big sheep/goat! You’re a great big liar, Joe.” Once your children know the story, invite them to join in when you read the words that are repeated in the story.
- ★ Encourage your children to make up their own stories that are inspired by this one. Then help them to write their stories down so that they can read them later.
- ★ Encourage them to draw a picture to go with their story.

Raak doenig met stories!

- ★ Daar is baie herhaling in die storie, byvoorbeeld: “Ek het die grootste vis/skaap/bok wat jy nog ooit gesien het, gevang” en “Dis ’n yslike groot skaap/bok! Jy is ’n yslike groot leuenaar, Joe!” Sodra jou kinders die storie ken, kan jy hulle nooi om die woorde saam met jou te sê wanneer jy die woorde lees wat in die storie herhaal word.
- ★ Moedig jou kinders aan om hul eie stories op te maak wat deur hierdie storie geïnspireer is. Help hulle dan om hul stories neer te skryf sodat hulle dit later kan lees.
- ★ Moedig hulle aan om ’n prent te teken wat by hul storie pas.

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil ’n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your
imagination

The great big fish



Die yslike groot vis

Ann Walton • Trish de Villiers

Ideas to talk about: Have you ever seen a really big fish? What did it look like? Do you know the different parts of a fish? Look at the cover picture. Can you find the fish’s tail, head, fins and eyes?

Idees om oor te praat: Het jy al ooit ’n yslike groot vis gesien? Hoe het dit gelyk? Weet jy wat die verskillende dele van ’n vis is? Kyk na die prent op die omslag. Kan jy die vis se stert, kop, vinne en oë vind?

Joe hardloop huis toe om vir sy ma
die yslike groot skaap te wys. Op
pad ontmoet hy nog 'n maat.



Joe ran home to show his mother
the great big sheep. On the way
he met a friend.

Joe loer in die sak. En sowaar! Daar is 'n
yslike groot bok in die sak!



Joe peered into the bag. Sure enough,
there was a great big goat inside it!

Joe's father was a fisherman, and every
morning he sold his fish at the market.

Joe se pa is 'n visserman, en hy verkoop elke
oggend sy visse by die mark.



Joe laughed. At least Dad didn't call him
a great big liar!



Joe lag. Ten minste sê sy pa nie hy is 'n yslike
groot leuenaar nie!



Joe ran home to show his mother the great big goat.
 Joe hardloop huis toe om vir sy ma die yslike groot bok te wys.



Joe peered into the bag. Sure enough, there was great big sheep inside it!
 Joe loer in die sak. En sowaar! Daar is 'n yslike groot skaap in die sak!

“You caught the biggest fish today, Joe,” said Dad. “And you are the biggest storyteller!”



“Jy het vandag ’n yslike groot vis gevang, Joe,” sê Pappa. “En jy vertel yslike groot stories!”

But he always took one fish home for supper.



Maar hy vat elke aand een vis huis toe vir aandete.

“Dis ’n yslike groot skaap! Jy’s ’n yslike groot leuenaar, Joe!” sê Ben.

Ben kyk in die sak.

“Ek het die grootste vis wat jy nog ooit gesien het, gevang, Ben. Kyk!” sê Joe.

“That’s a great big sheep! You’re a great big liar, Joe!” said Ben.

Ben looked inside the bag.

“I caught the biggest fish that you’ve ever seen, Ben. Look!” said Joe.



“I’m going to catch a fish for supper tonight,” said Joe.
“A great big fish!”

“Ek gaan vandag
’n groot vis vir
aandete vang,” sê Joe.
“’n Yslike groot vis!”

“Liewe land!” sê sy. “Dit is die grootste vis wat ek nog ooit gesien het!”


Mamma kyk in die sak.

“Ek het die grootste bok wat Mamma nog ooit gesien het, gevang. Kyk, Mamma!” sê Joe.

“Wow!” she said. “That’s the biggest fish I’ve ever seen!”

Mom looked inside the bag.

“I’ve caught the biggest goat that you’ve ever seen, Mom. Look!” said Joe.




... that turned into a great
big goat ...

... en toe in ’n yslike
groot bok ...

... that turned back into
a great big fish!

... en uiteindelik weer
in ’n yslike groot vis
verander het!

Hello, Dog!



Hello, Cow!



MOE!
MOOW

Hello, Pigi!
Hallo, Varki!



Hello, Goats!



İNGİLİZCE



BAAI
BEI

Farmer Mkhize has many animals on his farm. What sound does each animal make?
This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling
and reading for enjoyment.



Boer Mkhize het baie diere op sy plaas. Watter geluid maak elke diër?

Hierdie storie is spesiaal vir Nalibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir aenot te lees.

Get story active!

- ★ Which animal in this story is your favourite one? Why?
- ★ Draw a picture of a farm animal that you like. Draw a speech bubble pointing to your animal. In the bubble, write the sound that your animal makes.
- ★ Write the name of the animal under your picture. Start like this: **Hello, ...!**



Raak doenig met stories!

- ★ Van watter dier in hierdie storie hou jy die meeste? Hoekom?
- ★ Teken 'n prent van 'n plaasdier waarvan jy hou. Teken 'n praatborrel vir jou dier. Skryf die geluid wat jou dier maak in die praatborrel.
- ★ Skryf die dier se naam onder jou prent. Begin so: **Hallo, ...!**

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your imagination

Mkhize's farm



Mkhize se plaas

Brigotte Naicker • Julie Smith-Belton

Ideas to talk about: Do you love animals? Why or why not? What important role do animals play in our lives? What can we do to take care of our pets and other animals?

Idees om oor te praat: Hou jy van diere? Hoekom of hoekom nie? Watter belangrike rol speel diere in ons lewe? Wat kan ons doen om vir ons troeteldiere en ander diere te sorg?



There are lots of animals on Farmer Mkhize's farm. Let's say hello.

Daar is baie diere op Boer Mkhize se plaas. Kom ons sê halo.



Old MacDonald had a farm.
Ee i ee i o!
And on the farm he had a duck.
Ee i ee i o!
With a quack, quack here,
And a quack, quack there.
Here a quack, there a quack,
Everywhere a quack, quack.
Old MacDonald had a farm.
Ee i ee i o!

Old MacDonald had a farm.
Ee i ee i o!
And on the farm he had a dog.
Ee i ee i o!
With a woof, woof here,
And a woof, woof there.
Here a woof, there a woof,
Everywhere a woof, woof.
Old MacDonald had a farm.
Ee i ee i o!

Boer Mkhize het 'n plaas.
Hieja, hieja, ho!
En op die plaas is daar 'n eend.
Hieja, hieja, ho!
Met 'n kwaak, kwaak hier,
En 'n kwaak, kwaak daar.
Hier 'n kwaak, daar 'n kwaak,
Oraloor 'n kwaak, kwaak.
Boer Mkhize het 'n plaas.
Hieja, hieja, ho!

Boer Mkhize het 'n plaas.
Hieja, hieja, ho!
En op die plaas is daar 'n hond.
Hieja, hieja, ho!
Met 'n woef, woef hier,
En 'n woef, woef daar.
Hier 'n woef, daar 'n woef,
Oraloor 'n woef, woef.
Boer Mkhize het 'n plaas
Hieja, hieja, ho!



Hallo, Heni!
Hello, Heni!




CLUCK!
KLOEK!

Hello, Duck!
Hallo, Eendi!



QUACK!
KWAAK!



Come back, animals!
Kom terug, diere!




While Mom cooked the great big fish for supper, Joe told Dad about the great big fish ...

Terwyl Mamma die yslike groot vis vir aandete gaarmaak, vertel Joe vir Pappa van sy yslike groot vis ...

... that turned into a great big sheep ...

... wat in 'n yslike groot skaap ...




Joe baited his hook and cast his rod out over the lake.


Joe sit aas aan sy vishoek en gooi sy vislyn in die water.



He heaved it into his fishing bag and ran home to give it to his mother. On the way, he met a friend.
Hy prop die vis in sy vissak en hardloop huis toe om dit vir sy ma te gee. Op pad huis toe ontmoet hy een van sy maats.




Byna onmiddellik byt daar 'n yslike groot vis, wat amper uit die water spring, aan die hoek. Dit is die grootste vis wat hy nog ooit gesien het.



Joe loer in die sak. En sowaar! Daar is die yslike groot vis in die sak!

Joe peered into the bag. Sure enough, the great big fish was inside it!



Mom put her arms around Joe and gave him a great big kiss.
"Thank you for catching our supper, Joe," said Mom.

Mamma sit haar arms om Joe en gee hom 'n yslike groot soen.
"Dankie dat jy ons aandete gevang het, Joe," sê Mamma.

NELSON MANDELA

Internasionale ikoon vir
vrede en menseregte

International icon of
peace and human rights



BASIESE INLIGTING

- Gebore:** 18 Julie 1918
- Land:** Suid-Afrika
- Naam tydens kinderjare:** Rolihlahla Mandela
- Opvoeding:** Studeer regte en word 'n prokureur

SY STRYD VIR GERECHTIGHEID

- Veg teen:** Apartheid (onregverdigde stelsel van skeiding van rasse)
- Tyd in die tronk:** 27 jaar vir sy stryd vir gelyke regte
- Glo in:** Vrede, goedhartigheid en om mense te verenig

PRESTASIES

- Eerste swart president van Suid-Afrika** (1994)
- Nobelpryswenner** (1993)
- Bekende aanhaling:** "Opvoeding is die kragtigste wapen wat 'n mens kan gebruik om die wêreld te verander."

BASIC INFORMATION

- Born:** 18 July 18 1918
- Country:** South Africa
- Childhood name:** Rolihlahla Mandela
- Education:** Studied law and became a lawyer

HIS FIGHT FOR JUSTICE

- Fought against:** Apartheid (unfair system of racial separation)
- Prison time:** 27 years for standing up for equal rights
- Believed in:** Peace, kindness and bringing people together

ACHIEVEMENTS

- First black president of South Africa** (1994)
- Nobel Peace Prize winner** (1993)
- Famous quote:** "Education is the most powerful weapon which you can use to change the world."

1918

Nelson Rolihlahla Mandela word op 18 Julie in Mvezo, Suid-Afrika, gebore. Rolihlahla beteken "moeilikheidsmaker" in isiXhosa!

Nelson Rolihlahla Mandela is born on July 18 in Mvezo, South Africa. Rolihlahla means "troublemaker" in isiXhosa!

1930s

As 'n jong seun, noem sy onderwyser hom Nelson.

As a young boy, he gets the name Nelson from his teacher.

1940s

Hy begin regte studeer om 'n prokureur te word.

He starts studying to become a lawyer.

1950s

Nelson sluit by die African National Congress (ANC) aan om teen apartheid te veg.

Nelson joins a group called the African National Congress (ANC) to fight against apartheid.

1964

Nelson word tot lewenslange tronkstraf gevonnis!

Nelson is sentenced to life imprisonment!

1990

Mandela word uit die tronk vrygelaat. Hy is 71 jaar oud.

Mandela is freed from prison. He is 71 years old.

2013

Hy sterf op die ouderdom van 95 jaar.

He passes away at the age of 95.

1994

Mandela word ná die eerste demokratiese verkiesing Suid-Afrika se eerste swart president.

Mandela becomes the first black president after South Africa's first democratic election.



Die saadjie se les

Deur Kai Tuomi ■ Illustrasies deur Karen Ahlschläger



In 'n droë, uitgedorde land waar niks groei nie, staan daar 'n bouvallige ou hut. In die hut woon drie broers wat altyd met mekaar kompeteer. Al drie broers wil graag beste wees in alles wat hulle doen.

Wanneer die broers speletjies speel – soos hardloop, klippies gooi of swaar klippe op lig – speel hulle om te wen. Wanneer die speletjie klaar is, is net die wenner gelukkig. Die ander broers is kwaad en stry luidrugtig oor wie nou regtig gewen het.

Elke broer dink hy is die beste van die drie en wil hê die ander broers moet dit weet.

Op 'n dag sê een van die broers: "Ek wil 'n boom plant. Dan kan ons skaduwee hê."

"Wel," antwoord een van die ander broers: "Ek wil ook 'n boom plant. Dan kan ons vrugte hê."

"In werklikheid," sê die derde een, "wil ek 'n boom plant. Dan kan ons vuurmaakhout hê."

Die broers weet nie hoe om bome te plant nie, maar hulle ken iemand, of iets, wat weet.

"Daardie wilde gedierte wat in die grot woon, sal weet hoe om 'n boom te plant," sê hulle almal terwyl hulle oor die stowwerige, droë grond begin hardloop en die hele tyd stry oor wie eerste aan die wilde gedierte gedink het.

Buite die grot groei pragtige veldblomme – pers, rooi en geel.

"Ek sal eerste ingaan," sê een broer en druk voor die ander twee in, wat albei probeer om hom terug te trek.

"Bly still!" bulder 'n harde stem. "As julle my hulp kom vra, kom een-een stil in."



Die eerste broer grinnik toe hy voor sy broers indruk om in die grot in te gaan. Die wilde gedierte is reusagtig en het 'n olifantslurp en geel oë, soos 'n honger hiëna. Sy hele lyf is met vere bedek, en hy het 'n lang krulstert, soos 'n slang. In die grot staan 'n groot pot vol towerdoepa waaruit dik groen rook in die lug in trek.

"Wilde gedierte," sê die eerste broer: "Ek wil 'n boom plant. Kan jy my help?"

Die wilde gedierte grou in sy sak vol vere en haal iets kleins uit. "Dit is die saadjie van 'n boom. Saadjies het grond nodig om te groei..." begin hy, maar voor die wilde gedierte kan klaar praat, gryp die eerste broer die saadjie uit sy hand.

"Dankie," sê die broer en hardloop weg. "Nou sal ek die eerste broer wees wat 'n boom plant."

"Wel," sê die wilde gedierte vir homself, "ek skat ek sal vir die volgende broer moet vertel wat saadjies nog nodig het om te groei."

Die tweede broer vra dieselfde vraag. Weer haal die wilde gedierte 'n saadjie uit, maar hierdie keer sê hy: "Saadjies het water nodig om te groei, en..."

"Dankie," sê die tweede broer, vat die saadjie en maak hom uit die voete voor hy kan hoor wat saadjies nog nodig het om te groei.

Die wilde gedierte skud sy reusagtige kop toe die derde broer met 'n groot lawaai instorm. Weer hou die wilde gedierte 'n saadjie uit, maar hierdie keer sê hy: "Saadjies het sonlig nodig om..."

Die derde broer is weg voor hy kan hoor wat saadjies nog nodig het om te groei.

Terug by hulle hut probeer elke broer om die saadjies wat die wilde gedierte vir hulle gegee het, te plant.

Die eerste broer grave 'n diep gat vir die saadjie en maak die gat weer vol grond.

Die tweede broer vat sy saadjie na 'n vallei toe en gooi dit in 'n waterstroompie. Dit sink tot op die bodem en verdwyn.

Die derde broer sit sy saadjie bo-op 'n plat klip in die helder sonlig.

Die tyd gaan verby, maar niks gebeur nie, en die drie broers hardloop terug na die wilde gedierte se grot toe. Hulle gaan saam binnetoe.

"Daardie saadjies wat jy vir ons gegee het, het nie gegroei nie," skree hulle woedend.

Die wilde gedierte gluur hulle met sy geel hiëna-oë aan.

"Dit was goeie saadjies," sê die wilde gedierte. "Elke saadjie sou 'n sterk, gesonde boom geword het, maar julle drie wou elkeen net eerste wees en wen, en julle was te kwaad vir mekaar om behoorlik te luister. Nou het ek net een saadjie oor, en luister nou mooi! Dit is die les wat die saadjie vir julle wil leer: Julle moet saamwerk as julle die saadjie wil laat groei."

"Saamwerk?" vra die broers vies. "Maar wie sal wen as ons saamwerk?"

"Julle almal," sê die wilde gedierte en strooi nog towerpoeier in die pot.

Terug by die hut stem die drie broers uiteindelik in om saam te werk. Hulle plant die saadjie op 'n sonnige plekkie in die grond en lei dit nat.

En toe wag hulle.

Hierdie keer kom 'n boom op. Dit word 'n hoë boom met groot, groen blare wat skaduwee gee, takke vir vuurmaakhout het en wat ryp, geel vrugte het om te eet.



En al het die broers nog altyd met mekaar gestry tot hulle oud en grys is, het hulle nooit die les wat die saadjie hulle geleer het, vergeet nie: 'n Mens moet saamwerk as jy wil hê die saadjie moet groei. Die broers het geleer dat dinge baie beter werk wanneer hulle saamwerk!

Raak doenig met stories!

- Hoe dink jy lyk die binnekant van die wilde gedierte se grot? Teken 'n prent van die grot en skryf 'n paragraaf waarin jy die dinge in die grot beskryf.
- Maak 'n model van die wilde gedierte in hierdie storie of jou eie voorstelling van 'n wilde gedierte uit klei, speeldeeg, wol, knope of krale, afvalpapier, stokkies en ander materiaal wat jy optel.

- Weet jy hoe om 'n saadjie te plant? Skryf die stappe neer wat jy sal volg om 'n saadjie suksesvol te plant.



Drive your
imagination



The lesson of the seed

By Kai Tuomi ■ Illustrations by Karen Ahlschläger



In a cracked, dry land where nothing grew, there was a broken-down old hut. Inside the hut lived three very competitive brothers. Each brother liked to be the best and to win at everything.

When the brothers played games – like running, or tossing pebbles, or lifting stones over their heads – they played to win. At the end of each game, only the winner was happy. The other brothers were angry and argued loudly about who had really won.

Each brother thought he was the best of the three and wanted the other brothers to know this.

One day, one of the brothers said, "I'd like to grow a tree. Then we could have some shade."

"Well," another replied, "I'd like to grow a tree too. Then we could have some fruit."

"Actually," said the third, "I'd like to grow a tree. Then we could have firewood.

The brothers didn't know how to grow trees, but they knew someone, or something, who did.

"That wild thing that lives in the cave, it will know how to grow a tree," they said together as they ran off across the dusty, dry land, arguing all the while about who had thought of the wild thing first.

Outside the cave, beautiful wildflowers grew – purple, red and yellow.

"I'll go first," said one brother, pushing ahead of the other two, who both tried to pull him back.

"Stop it!" boomed a loud voice. "If you want my help, come inside quietly, one at a time."



The first brother grinned as he pushed his way ahead of his brothers into the cave. The wild thing was huge, with an elephant's trunk and yellow eyes like a hungry hyena. It had feathers all over its body, and a long, curly tail like a snake. In the cave stood a big pot of magic potion that puffed thick green smoke into the air.

"Wild thing," said the first brother, "I want to grow a tree. Can you help me?"

The wild thing reached into its feathery pocket and pulled out something small. "This is the seed of a tree. Seeds need earth to grow ..." he started, but before the wild thing could finish talking, the first brother snatched the seed from its hand.

"Thanks," said the brother, running off. "Now I'll be the first brother to grow a tree."

"Well," the wild thing said to itself, "I suppose, I'll have to tell the next brother what else seeds need to grow."

The second brother asked the same question. Again, the wild thing held out a seed, but this time, it said, "Seeds need water to grow, and ..."

"Thanks," the second brother said, taking the seed and running off before he heard what else seeds needed to grow.

The wild thing shook its huge head as the third brother came rushing in loudly. Again, the wild thing held out a seed, but this time it said, "Seeds need sunshine to ..."

The third brother was gone before he heard what else seeds needed to grow.

Back at their hut, each brother tried to grow the seeds that the wild thing had given them.

The first brother dug a deep hole for the seed and then covered it back up with earth.

The second brother took his seed into a valley and then tossed it into a tiny stream of water. It sank to the bottom, out of sight.

The third brother put his seed on top of a flat stone in the bright sunlight.

Time passed, but nothing happened, so the three brothers ran back to the wild thing's cave. They rushed inside together.

"Those seeds you gave us were broken," they shouted angrily.

The wild thing glared at them with its yellow hyena eyes.

"Those were good seeds," the wild thing said. "Each seed would have made a strong, healthy tree, but you three were too busy trying to win and too angry with each other to listen properly. Now I have only one seed left, so listen carefully! This is the lesson of the seed: You have to work together if you want the seed to grow."

"Work together?" the brothers asked crossly. "But who will win if we work together?"

"All of you," said the wild thing, throwing more magic powder into its pot.

Back at the hut, the three brothers finally agreed to work together. They put the seed into the earth, in a sunny spot and they gave it water.

And then they waited.

This time, a tree grew. It grew tall with big, green leaves for shade, branches for firewood and ripe, yellow fruit to eat.



Although the brothers still argued with each other until they were old and grey, they never forgot the lesson of the seed: You have to work together if you want the seed to grow. The brothers learnt that things worked out much better when they worked together!

Get story active!

- What do you think the inside of the wild thing's cave looks like? Draw a picture of the cave and write a paragraph describing the things in the cave.
- Use clay or playdough, wool, buttons or beads, scrap paper, sticks and other found materials to make a model of the wild thing in this story or your own idea of a wild thing.

- Do you know how to plant a seed? Write down the steps you would take to plant a seed successfully.

Nal'ibali-pret


Nal'ibali fun



1.

In die storie *Die yslike groot vis* ontmoet Joe vir Dolly op pad huis toe. Skryf wat jy dink hulle vir mekaar sê in die praatborrels. Skryf dan 'n paar sinne oor die prent op die reëls onder die prent.

In the story *The great big fish* Joe meets Dolly on his way home. Write what you think they are saying to each other in the speech bubbles. Then write a few sentences describing the picture on the lines below.



2.

★ Ken jy hierdie diere se name? Sit die letters in die regte volgorde sodat jy kan uitvind wat hulle is.

★ Do you know the names of these animals? Unscramble the letters to find out what they are.

A.



oiek • woc

B.



dene • cudk

C.



kob • tago

D.



ravk • ipg

E.



ehn • ehn

Antwoorde: 2. A: koel, B: eend, C: bok, D: vark, E: hen
Answers: 2. A: cow, B: duck, C: goat, D: pig, E: hen

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:



TheNalibaliChannel



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibalisa



@nalibalisa



nalibalisa



The Nal'ibali Trust



+27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

UMLAZI
EYETHU

POLOKWANE
OBSERVER



Drive your
imagination